Naam: ______________________________________________

# Byvoeglike naamwoorde

Die byvoeglike naamwoord (b.nw) beskryf die selfstandige naamwoord (s.nw) of voornaamwoord.

- Die byvoeglike naamwoord kan voor of na die selfstandige naamwoord of voornaamwoord staan.

Die man hen ŉ growwe **stem**

**Byvoeglike naamwoorde** (growwe)

**selfstandige naamwoorde** (stem)

Sy **stem** is grof

**selfstandige naamwoorde** (stem)

**Byvoeglike naamwoorde** (grof)

Ek gaan gou vir jou noem,

wat die byvoeglike naamwoord vir jou doen.

Hy kan jou altyd meer sê,

van die selfstandige naamwoord wat voor of na hom lê

**Verbuiging:**


Byvoeglike naamwoorde word dikwels verbuig wanneer hulle voor die selfstandige naamwoord staan. Dan noem ons hulle verboë byvoeglike naamwoorde. Ons buig die b.nw sodat dit in die sin pas.

Daar staan ŉ oud kar. Daar staan ŉ ou kar.

Die kar is oud. (reg want b.nw staan agter die s.nw

Dit is ŉ hoog gebou Dit is ŉ hoë gebou

Die gebou is hoog. (reg want b.nw staan agter die s.nw)



Kom ons oefen!

Onderstreep die selfstandige naamwoorde.

Die dam is leeg. Dit is 'n leë dam

Die vrou is oud. Dit is 'n ou vrou.


Die kind was trots. Dit was 'n trotse kind.

Die gebou is hoog. Dit is 'n hoë gebou.

Die hond is mooi.

Die perd is jonk.

Die drom is rond.



**Vul in die regte antwoord**

| | |
|---|---|
| Die blik is leeg | Dit is 'n ____________ blik. |
| Die kind is laf. | Dit is 'n ____________ kind. |
| Die perd is jonk. | Dit is 'n ____________ perd. |
| Die rok is wyd. | Dit is 'n ____________ rok. |
| Die drom is rond. | Dit is 'n _____________ drom. |
| Die volstruis se nek is lank. | Dit is 'n ______________ nek. |
| Die gras is lank. | Dit is ________________ gras. |
| Sy pote is grof. | Dit is ________________ pote. |
| Die winter is droog. | Dit is 'n ________________ winter. |
| Die kos is sleg. | Dit is ________________ kos. |
| Die glas is dof. | Dit is 'n ________________ glas. |
| Die kat is doof. | Dit is 'n _________________ kat. |
| Die man is gaaf. | Dit is 'n __________________ man. |
| Die tas is nuut. | Dit is 'n __________________ tas. |